Learning Channel (Pty) Ltd
3rd Floor, The Mills
66 Carr Street
Newtown
Johannesburg
(011) 639-0179

Website: www.learn.co.za

Nasionale Seniorsertifikaat
Graad 12
Geografie
Vraestel 1



Punte: 400 **Tyd: 3 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit _8_ bladsye en 'n bylaag van _7_ bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings, naamlik AFDELING A en AFDELING B.
2. Beantwoord slegs DRIE vrae en kies jou vrae soos volg:
   - EEN vraag uit AFDELING A
   - EEN vraag uit AFDELING B
   - 'n DERDE vraag, wat nog NIE beantwoord is NIE, uit of AFDELING A of AFDELING B.
3. Alle diagramme is in die aangehegte bylaag ingesluit.
4. Nommer al jou vrae in die MIDDEL van die reël.
5. Laat 'n reël oop tussen die onderafdelings van vrae.
6. Begin ELKE vraag bo-aan 'n NUWE bladsy.
7. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
8. Moet NIE in die kantlyne van jou ANTWOORDBOEK skryf nie.
9. Omkring die vraagnommers wat jy beantwoord het op die voorblad van jou ANTWOORDBOEK.
10. Waar moontlik, illustreer jou antwoorde met benoemde diagramme.
11. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: FISIESE GEOGRAFIE

Beantwoord ten minste EEN vraag uit hierdie afdeling.

VRAAG 1

1.1 Kies ’n beskrywing van KOLOM B wat ooreenstem met ’n item in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A-L) langs die vraagnommer (1.1.1-1.1.10) in jou antwoordboek, byvoorbeeld 1.1.11 M.

KOLOM A	KOLOM B
1.1.1 Coriolis-effek	A dalende beweging van koue, digte lug.
1.1.2 Katabatiese wind	B lug wat snags teen helling af beweeg.
1.1.3 Insakking	C ontstaan wanneer ’n rivier jonger is as die struktuur waaroor dit vloei.
1.1.4 Bestraling	D riwwe van hoërliggende grond wat dreineringskomme verdeel.
1.1.5 Waterdraerstelsel/ akwifeerstelsel	E energie wat beweeg in die vorm van elektromagnetiese golwe.
1.1.6 Gesuperponeerde dreineringstelsel	F laedrukstesels in die atmosfeer.
1.1.7 Terugsnydende erosie	G verweerderotsmateriaal is op die helling gestort
1.1.8 Waterskeiding	H rotse wat water deurlaat deur krake en rotssplete.
1.1.9 Plato	I is ’n krag wat veroorsaak word deur die rotering van die aarde, wat tot gevolg het dat bewegende lug deflekteer word.
1.1.10 Talus	J die voorkant van die koue sektor van ’n lugmassa.
	K uitgebreide plat gebied begrens deur ’n platorand op ’n hoë hoogte.
	L die verlenging van ’n rivierloop sny terugwaarts na sy bron.

10 × 2 (20)

1.2 Verwys na FIGUUR 1.2A, ’n sinoptiese uittreksel van ’n weerstelsel in die suidelike halfrond en FIGUUR 1.2.B, ’n vereenvoudigde voorstelling van dieselfde stelsel, ook in die suidelike halfrond. Beantwoord die vrae wat volg.

1.2.1 Identifiseer die fronte AB; BC en BD. (3)

1.2.2 Teken ’n dwarsdeursnit deur lyn RS om die volgende aan te toon:

(a) ’n Profiel (dwarsdeursnit) van die koue front en warm front. (3)

(b) Dui aan watter lugmassas as koud, koel of warm beskou kan word. (3)

(c) Die wolkformasies geassosieer met hierdie fronte: noem die verskillende wolktipes. 6 × 2 (12)

1.2.3 Wat is die lugtemperatuur in Port Elizabeth? 1 × 2 (2)

1.2.4 As watter ander name staan middelbreedtesiklone bekend? 1 × 2 (2)

1.3 Verwys na FIGUUR 1.3A en FIGUUR 1.3B, en beantwoord die volgende vrae.

1.3.1 Die weerstelsel in Fig 1.3A is ’n tropiese sikloon. Lys TWEE identifiserende verskynsels van die sinoptiese weeruittreksel om jou antwoord te staaf. (3)

1.3.2 Met verwysing na die weerstelsel geïdentifiseer in 1.3.1, hoeveel van dieselfde weerverskynsels (insluitend die een wat reeds genoem is) het alreeds plaas gevind in die betrokke jaar? Verduidelik jou antwoord. 2 × 2 (4)

1.3.3 Verwys na Fig. 1.3B. Noem vier eienskappe van die weerstelsel wat in die dwarsprofiel gewys word. Hulle is 1-4 genommer. (4)

1.3.4 Verklaar die feit dat die twee skepe (verwys na die stasiemodelle oor die see) op see winde ervaar wat uit verskillende rigtings kom as gevolg van die Alda-effek. 2 × 2 (4)

1.3.5 Wat noem Amerikaanse wetenskaplikes hierdie weerverskynsel wat voorkom in die noordelike halfrond? 1 × 2 (2)

1.4 Verwys na die FIGUUR 1.4A, wat die longitudinale (lengte-) profiel van ’n rivier se oorsprong in die boloop, na die mond in die onderloop wys. Verskeie landvorme, kenmerkend van hierdie verskillende lope, word gewys. Verskeie groot nedersettings met ’n tipiese stedelike klimaat kom langs die oewers voor. Studies wys verder dat grondprofiel wat langs die rivierlope geneem is, grootliks verskil tussen die bron en die mond. Beantwoord die volgende vrae:

1.4.1 Identifiseer die DRIE fases van die rivier wat gemerk is P, Q en R. (3)

1.4.2 (a) Teken en merk ’n eenvoudige, vryhanddwarsprofiel van elk van die drie fases om die vorm van die onderskeie riviervalleie aan te toon. (3)

(b) Verduidelik die vorm van elke dwarsprofiel soos aangedui in jou antwoord op vraag 1.4.2 (a). 3 × 2 (6)

1.4.3 ’n Stroom poog om ’n vereffende profiel te bekom. Verduidelik die betekenis van die term onvereffende profiel soos gesien in Fig. 1.4B (3)

1.4.4 Verskeie landvorme word aangetoon langs die rivierlope. Dui aan watter van die landvorme W, X en Y is gevorm uit riviererosie en watter uit rivierafsetting. Tabelleer jou antwoord. 3 × 2 (6)

1.4.5 Identifiseer die stroomkanaalpatroon wat aangeneem is by die rivier in loop R. 1 × 2 (2)

1.4.6 Verduidelik kortliks hoekom die stroom hierdie patroon wat geïdentifiseer word in loop R, aangeneem het. 2 × 2 (4)

1.4.7 Watter soort rekreasie-wateraktiwiteit kan geassosieer word met die rivier in loop R? 1 × 2 (2)

1.4.8 Verwys na FIGUUR 1.4C en 1.4D.

(a) Verduidelik die term grondprofiel. 1 × 2 (2)

(b) Pas die korrekte grondprofiele 1.4C en 1.4D met die korrekte dele van die rivierlope P, Q en R. 2 × 2 (4)

(c) Noem en beskryf enige TWEE grondvormingsprosesse. 2 × 2 (4)

100 punte

VRAAG 2

2.1 Verwys na FIGUUR 2.1 en antwoord die vrae wat volg.

2.1.1 Wat is die breedteposisies van die gematigde/middelbreedtesikloon gedurende Januarie en Julie? (4)

2.1.2 Verduidelik die breedteposisies van die gematigde/middelbreedtesikloon gedurende Januarie en Julie. 4 × 2 (8)

2.1.3 Met verwysing na Suid-Afrika, verduidelik hoe die verandering in breedteposisies van gematigde/middelbreedtesiklone weerstoestande beïnvloed. 5 × 2 (10)

2.1.4 Gedurende watter seisoen word 'n tropiese sikloon in die suidelike halfrond ervaar? 1 × 2 (2)

2.1.5 Waarom kom tropiese siklone nie enige tyd van die jaar in die suidelike halfrond voor nie? 1 × 2 (2)

2.1.6 Gee 'n verklaring oor die groei van tropiese siklone van die tyd dat 'n laedruk-middelpunt ontwikkel tot dit volwasse stadium bereik. 4 × 2 (8)

2.1.7 Hoe is dit moontlik vir wetenskaplikes om tropiese siklone op te spoor? 2 × 2 (4)

2.1.8 Dink jy dit is vir wetenskaplikes van die Suid-Afrikaanse Weerburo nodig om tropiese siklone te bestudeer en op te spoor? 2 × 2 (4)

2.2 Verwys na FIGUUR 2.2 wat lugbewegings oor die plato van Suid-Afrika aantoon.

2.2.1 Watter hoëdrukstelsel word geïllustreer as A op die diagram? 1 × 2 (2)

2.2.2 Die hoëdrukstelsel A is meer intensief gedurende die winter. Gee 'n verduideliking vir hierdie verskynsel. 3 × 2 (6)

2.2.3 Gedurende die winter word warm, vogbelaaide lug verhinder om die binneland van Suid-Afrika te bereik. Watter invloed het dit op die weer oor die plato gedurende die winter? 3 × 2 (6)

2.2.4 Behalwe vir die suidwestelike en westelike kusgebiede, kry Suid-Afrika min of geen reën gedurende die winter nie. Verduidelik waarom die suidwestelike en westelike kusgebiede wel 'n winterreënval het. 3 × 2 (6)

2.3 Verwys na FIGUUR 2.3, waar 'n gebied met twee riviere op verskillende vlakke geïllustreer word. Rivierroof het plaasgevind.

2.3.1 Identifiseer die verskillende stroomkenmerke wat aangedui is in die skets met letters A, B, C, D en E. 5 × 2 (10)

2.3.2 Watter soort landvorm kan moontlik by E ontwikkel? 1 × 2 (2)

2.3.3 Wat sal met verloop van tyd met landvorm E se posisie gebeur? 1 × 2 (2)

2.3.4 Verduidelik kortliks hoe die strome A, B en C verander het in terme van stroomvolume en erosiekrag vandat stroomroof plaasgevind het. 3 × 2 (6)

2.4 FIGUUR 2.4 is 'n hidrografiek en reënvalgrafiek van die Oorlogsrivier. Bestudeer dit aandagtig voor die volgende vrae beantwoord word.

2.4.1 Gedurende watter maand ontvang die Oorlogsrivier die hoogste reënval? 1 × 2 (2)

2.4.2 Bereken die totale neerslag wat die eerste twee maande van die kalenderjaar voorgekom het. 2 × 2 (4)

2.4.3 Die Hoëveld ontvang ongeveer 850 mm reën per jaar. Sal jy die Oorlogsrivier-gebied as natter of droër as die Hoëveld beskryf? Verduidelik jou antwoord. 2 × 2 (4)

2.4.4 Definieer die konsep "afvloei van 'n rivier". 2 × 2 (4)

2.4.5 Klassifiseer die Oorlogsrivier op grond van die stroom se vloei en gee 'n rede vir jou antwoord. 2 × 2 (4)

100 punte

AFDELING B: MENSE EN PLEKKE: LANDELIK EN STEDELIKE NEDERSTETTINGS, MENSE EN HUL BEHOEFTES

Beantwoord ten minste EEN vraag uit hierdie afdeling.

VRAAG 3

Bestudeer FIGUUR 3 wat 'n hipotetiese landskap in die suidelike halfrond toon, en beantwoord dan die vrae wat volg.

3.1 Verwys na die gemerkte gebied A.

3.1.1 Identifiseer die patroon van landelike nedersetting wat uitstaan in die gebied. 1 × 2 (2)

3.1.2 (a) Identifiseer die tipe landelike nedersetting wat gewys word. 1 × 2 (2)

(b) Voorsien EEN voordeel en EEN nadeel van die spesifieke nedersettingspatroon. 2 × 2 (4)

3.1.3 Die boer in gebied A blyk deeglik bewus te wees van die probleem rakende gronderosie.

(a) Definieer gronderosie. 1 × 2 (2)

(b) Identifiseer en verduidelik hoe die boer hierdie probleem hanteer. 2 × 2 (4)

3.1.4 Lewer kommentaar op die volhoubaarheid van beide die terrein en situasie van die nedersetting met spesifieke verwysing na die volgende faktore:

(a) Beskikbaarheid van water

(b) Beskikbaarheid van boumateriaal

(c) Mikroklimaatfaktore in die vallei 3 × 2 (6)

3.2 Verwys na die gebied gemerk B.

3.2.1 Identifiseer die grondgebruiksone. 1 × 2 (2)

3.2.2 Voorsien EEN voordeel en EEN nadeel van die ligging van die grondgebruiksone. 2 × 2 (4)

3.2.3 Lewer kommentaar oor die moontlike grondwaardes van die sone. 2 × 2 (4)

3.2.4 Noem die straatpatrone wat uitgebeeld word. 1 × 2 (2)

3.3 Verwys na die gebied gemerk C.

3.3.1 Identifiseer die grondgebruik wat hier gevind word. 1 × 2 (2)

3.3.2 (a) Sal jy die aard van die grondgebruik as swaar of lig beskryf? 1 × 2 (2)

(b) Voorsien TWEE moontlike redes vir jou antwoord. 2 × 2 (4)

3.3.3. Bespreek twee faktore wat die terrein vir hierdie grondgebruik bepaal. 2 × 2 (4)

3.3.4 Gee TWEE negatiewe effekte wat die ligging van die grondgebruiksone moontlik op die omliggende gebiede sal hê. 2 × 2 (4)

3.4. Verwys na die gebied gemerk D.

3.4.1 Identifiseer die grondgebruiksone wat hier gevind word. 1 × 2 (2)

3.4.2 Lys TWEE rekreasie-aktiwiteite wat gewoonlik hier voorkom. (2)

3.4.3 In watter mate word die rivier in hierdie gebied gebruik? (2)

3.4.4 Verduidelik waarom hierdie grondgebruik nog gesien word as stedelik. 2 × 2 (4)

3.5 In FIGUUR 3 is daar baie min mense wat betrokke is by primêre aktiwiteite, wat daarop dui dat mense meer na stede toe beweeg het.

3.5.1 Wat is die naam gegee vir die beweging van mense van landelike na stedelike nedersettings? 1 × 2 (2)

3.5.2 Bespreek TWEE gevolge van die beweging vir elk van die volgende:

(a) Landelik 2 × 2 (4)

(b) Stedelik 2 × 2 (4)

3.5.3 Watter metodes kan bekend gestel word om die beweging van mense van landelike na stedelike nedersettings te vertraag? 3 × 2 (6)

3.6 Verwys na die gebiede wat E gemerk is.

3.6.1 Hierdie gebied is die "landelik-stedelike oorgangsone". Verduidelik die betekenis van hierdie term. 1 × 2 (2)

3.6.2 Gee twee voorbeelde van aktiwiteite tipies van hierdie grondgebruiksone. (2)

3.7 FIGUUR 3.7 is 'n landelike nedersetting genoem RODE. FIGUUR 3.7A wys die boerderygebied om RODE voor grondhereniging voorgestel is. FIGUUR 3.7B wys dieselfde gebied na grondhereniging geïmplementeer is.

3.7.1 Noem die patroon van verspreiding wat met die nedersetting geassosieer word. 1 × 2 (2)

3.7.2 Watter tipe landelike nedersetting is hierdie? 1 × 2 (2)

3.7.3 Identifiseer die vorm van die landelike nedersetting. 1 × 2 (2)

3.7.4 (a) Bespreek die kriteria wat die oorsprong en vorm van die nedersetting van RODE beïnvloed. 2 × 2 (4)

(b) Gee TWEE redes waarom grondeienaarskap, soos gewys in FIGUUR 3.7A, dit moeilik gemaak het om kommersiële boerdery suksesvol te bedryf. 2 × 2 (4)

3.7.5 (a) Verduidelik die betekenis van **grondhereniging**. 1 × 2 (2)

(b) Voorsien TWEE moontlike ekonomiese voordele van grondhereniging. 2 × 2 (4)

(c) Bespreek EEN moontlike nadeel van grondhereniging. 1 × 2 (2)

100 punte

VRAAG 4

4.1 Kies die korrekte woord in elk van die frases hieronder. Skryf slegs die korrekte woord teenoor die vraagnommer, bv. 4.1.1.

4.1.1 (Primêre aktiwiteite/ Sekondêre aktiwiteite) behels die prosessering of vervaardiging van goedere onttrek uit primêre aktiwiteite.

4.1.2 (Natpunt-/ Droëpunt-) nedersetting ontstaan wanneer huise gebou word naby 'n waterbron in 'n waterskaars gebied.

4.1.3 (Intensiewe boerdery/ Ekstensiewe boerdery) vind plaas wanneer daar minder werkers is, produktiwiteit per gebied laer is, plase groter en normaalweg gemeganiseer is.

4.1.4 (Kommersiële boerdery/ Bestaansboerdery) word bedryf deur boere wat beoog om genoeg kos te produseer vir hul afhanklikes om te oorleef.

4.1.5. (Ontvolking/ Verstedeliking) is 'n afname in populasiegrootte.

4.1.6 (Grondhervorming/ Grondherverdeling) het ten doel om grond aan benadeeldes en armes te voorsien vir residensiële en boerderydoeleindes.

4.1.7 (Vlugtelinge/ Trekarbeiders) is mense wat hul land verlaat vir politieke of godsdienstige redes.

4.1.8 (Invloedsfeer/ Reikwydte) is die maksimum afstand wat mense bereid is om vir goedere en dienste te reis.

4.1.9 (BBP/BNP) is die totale waarde van alle goedere en dienste wat in een jaar in 'n land vervaardig is.

4.1.10 (Agglomerasie/ Globalisering) verwys na ekonomiese, politiese, sosiale en kulturele verhoudinge dwarsoor internasionale grense.

4.1.11 (Handelsblok/ Vryhandel) behels handel tussen lande sonder om belasting te betaal.

4.1.12 (Handelsbalans/ Betalingsbalans) is die koste van invoerprodukte afgetrek van die totale inkomste verdien uit alle goedere wat uitgevoer is.

4.1.13 (Voedseltoegang/ Voedselsekuriteit) is die toestand waarin al die mense, ten alle tye toegang het tot genoeg kos vir 'n aktiewe, gesonde lewe.

4.1.14 (Oewerregte/ Opsigterregte) is die reg om water te gebruik gebaseer op grondeienaarskap. 14 × 2 (28)

4.2 Suid-Afrika is gasheer vir die FIFA-Sokkerwêreldbeker in Junie/Julie 2010. Verwys na FIGUUR 4.2 wat die onderskeie gasheerstede voorstel vir die Wêreldbeker.

4.2.1 Pas die stede wat hieronder gelys is teenoor die nommers wat op die kaart gegee is. Skryf die nommers 1-9 onder mekaar en die naam van die stad langs die nommer.

Pretoria; Nelspruit; Cape Town; Polokwane; Johannesburg; Port Elizabeth; Bloemfontein; Durban; Rustenburg.

(9)

4.2.2 Pas elk van die stede hierbo by die provinsies wat hieronder gegee is. Lys die provinsies en skryf die name van die ooreenkomstige stede langsaan.

Limpopo; Gauteng; Oos-Kaap; KwaZulu-Natal; Noordwes; Vrystaat; Mpumalanga; Wes-Kaap

(9)

4.2.3 Noem die provinsie wat nie gasheer is vir een van die Wêreldbekerwedstryde nie. (1)

4.3 Lees die uittreksel wat afgelaai is van die internet getitel "Polokwane wag vir Wêreldbeker-platform" (FIGUUR 4.2) en '2010 FIFA-Wêreldbeker' (FIGUUR 4.3) en antwoord die vrae wat volg.

4.3.1 Is dit die eerste keer dat Afrika as gasheer vir die FIFA-Wêreldbeker sal optree? (1)

4.3.2 Noem en verduidelik kortliks DRIE ekonomiese voordele vir Polokwane om as gasheer op te tree vir sekere wedstryde van die Sokkerwêreldbeker. 3 × 2 (6)

4.3.3 Noem en beskryf DRIE geografiese probleme wat jy kan voorsien vir Polokwane in Junie/Julie 2010. 3 × 2 (6)

4.4 Skryf 'n kort paragraaf (nie meer as 12 reëls nie) wat die positiewe voordele van die FIFA-Wêreldbeker vir Suid-Afrika bespreek. 5 × 2 (10)

4.5 FIGUUR 4.3 is 'n staafgrafiek wat die hoeveelheid toeristeaankomste in Suid-Afrika van 1997 tot 2007 aandui. Antwoord die volgende vrae na bestudering van die inligting.

4.5.1 Hoeveel internasionale toeriste het Suid-Afrika in 1997 besoek? 1 × 2 (2)

4.5.2 Wat is die aantal besoekers was aangeteken is in 2007? 1 × 2 (2)

4.5.3 Met hoeveel het die aantal internasionale toeriste toegeneem vanaf 1997? 1 × 2 (2)

4.5.4 Gee 'n moontlike verklaring en verduidelik TWEE redes vir hierdie styging. 2 × 2 (4)

4.5.5 Watter jaar het die aantal toeristebesoeke effens afgeneem? 1 × 2 (2)

4.5.6 Verduidelik kortliks wat jy verstaan onder die volgende terme. Gee in elke geval 'n voorbeeld vanuit die Suid-Afrikaanse konteks.

(a) Besigheidstoerisme
(b) Kultuurtoerisme
(c) Ekotoerisme
(d) Paleotoerisme
(e) Avontuurtoerisme
(f) Sporttoerisme 6 × 3 (18)

100 punte

BYLAAG



Figuur 1.2A



Figuur 1.2B



Figuur 1.3A



Figuur 1.3B



Figuur 1.4A



Figuur 1.4B



Figuur 1.4C & D



Figuur 2.1 toon 'n dwarsdeursnit van die atmosfeer en illustreer sekere weerverskynsels



Figuur 2.2.



Figuur 2.3



Figuur 2.4



Figuur 3


VOVENI
S
RODE
W
Sleutel
Hoofweg
S Winkel
Gekweekde lande
Ander paaie
P Poskantoor
Hutte
Rivier
A
Verenigde land
B

Figuur 3.7



Figuur 4.2

Polokwane wag vir Wêreldbeker-platform

24 Februarie 2010

Die Peter Mokaba-stadion is voltooi en die inwoners van Polokwane, in Suid-Afrika se Limpopoprovinsie, is opgewonde om deel van die geskiedkundige gebeurtenis te word as een van die nege gasheerstede van Afrika se eerste FIFA-Wêreldbeker™.

Bekend as Afrika se Stad van Sterre, is Polokwane die kleinste stad van hierdie jaar se gasheerstede vir die Wêreldbeker, en 'n besoek gaan jou die geleentheid gee om die opwinding van die gebeurtenis en die trots van die inwoners te beleef.

Jacob Ntuli, 'n 46-jarige messelaar, is vinnig om te antwoord wanneer hy ander oor die Wêreldbeker hoor praat. "Ons sal mense verwelkom om na ons wedstryde in die stadion te kyk," sê Ntuli.

'Plek van veiligheid'

"Polokwane beteken 'Plek van Veiligheid' in Sotho, een van ons 11 amptelike tale. Ja, 11, ons is baie verskillende mense, maar ons is almal Suid-Afrikaners en sal enigeen uit enige deel van die wêreld in ons stad verwelkom. Dit is 'n vriendelike stad, en ek wens daar was selfs meer wedstryde hier."

"Het jy die stadion gesien?" vra Precious Mbulani, 'n vrou wat vrugte op die straathoek verkoop. "Dit is iets baie spesiaal omdat jy dit van ver af kan sien, en snags wanneer die ligte aan is, is dit baie mooi. Ek wens ek kan 'n wedstryd op die Peter Mokaba-stadion kyk, maar dit maak my trots om te weet dat die beste spelers so naby my huis sal wees."

Ronald Le Grange, 'n invoerder wat wag op 'n vrag by Polokwane Internasionale Lughawe, stem saam met Precious. "Om te dink dat Polokwane sal deel wees van hierdie eenmalige Wêreldbeker is betowerend. Dis 'n wonderlike tyd om 'n Suid-Afrikaner te wees, en 'n wonderlike tyd om in Polokwane te wees."

"Ek het vir my gesin kaartjies gekoop vir Argentinië se wedstryd teen Griekeland, en ek kan nie wag om die atmosfeer by die Peter Mokaba-stadion te beleef nie," sê Le Grange.

(Bron: http://www.southafrica.info/2010/polokwane-240210.htm. Toegang verkry op 27 Februarie 2010).

2010 FIFA-Wêreldbeker™

Uitbundige feesvieringe het landswyd uitgebreek toe Suid-Afrika as gasheerland vir die 2010 FIFA-Wêreldbeker aangekondig is. Nooit vantevore is 'n Afrikaland die geleentheid gegun om gasheer van so 'n aanskoulike sportgeleentheid te wees, en aan die wêreld te wys wat Suid-Afrika – en Afrika – kan bied nie. Vanaf 11 Junie - 11 Julie, sal Suid-Afrika die 2010 FIFA-Wêreldbeker™ aanbied – die wêreld se grootste sokker-ekstravaganza met die meeste toeskouers. Aangebied in agt provinsies en nege gasheerstede, word ongeveer 'n halfmiljoen toeskouers verwag om hierdie skouspel eerstehands te ervaar, terwyl 'n wêreldwye televisieskare van tussen 35 en 40 biljoen "bykomende" toeskouers die aksie en drama op skerm sal aanskou.

Die 2010 FIFA-Wêreldbeker™ is 'n ongeëwenaarde geleentheid om Suid-Afrika 'n welbekende en vanselfsprekende bestemming te maak wat uitsonderlike waarde vir geld en kwaliteit reiservaring bied, gekombineer met 'n verskeidenheid van aktiwiteite en attraksies wat moeilik is om te klop.

Die uitsluitlike doel van die 2010 FIFA-Wêreldbeker™ is die aanwending van sokker se vermoë om positiewe sosiale verandering teweeg te bring. 'n Verbeterde publiekevervoerstelsel en beter opgeleide en toegeruste veiligheid- en sekuriteitdienste, gesondheidsdienste, nooddienste, akkommodasie- en toerismeverskaffers is slegs enkele van die blywende nalatenskappe van 2010. Vir die eerste keer word klein, medium en mikro-ondernemings gegradeer deur FIFA, en besigheidsgeleenthede, spesifiek onder opkomende entrepreneurs in Suid-Afrika se toerismebedryf, sal verhoog.

Nuwe voorstedelike rekreasiegebiede en multidissiplinêre sportfasiliteite, sal tot almal se voordeel strek, terwyl talle voorheenbenadeelde gemeenskappe voordeel trek uit werksgeleenthede in die konstruksie van infrastruktuur en telekommunikasienetwerke oor die land. Vier opgegradeerde en ses nuwe, veeldoelige stadions van wêreldgehalte sal die streekekonomië stimuleer en werk verskaf lank nadat die sokkerfanfare verby is.

Die 2010 FIFA-Wêreldbeker, Suid-Afrika™ se amptelike slagspreuk: Ke Nako – Vier Afrika se menswees, beteken 'dit is tyd'. Tyd vir Suid-Afrika om die wêreld se persepsie te verander met ons aanbieding van die sokkerskouspel wat in elke opsig tipies Afrika en eersteklas is. Ons is gereed. Suid-Afrika se tyd het aangebreek.

(Bron: http://www.southafrica.net/sat/content/en/za/full-article?oid=8025&sn=Detail&pid=1&2010-FIFA-World-Cup™. Toegang verkry op 27 Februarie 2010).



Figuur 4.3

(Bron: Departement van Toerisme) soos op:
http://www.southafrica.info/cm_pics/doing_business/692-1827-2678-0_1465012.jpg. Toegang verkry 27 Februarie 2010